Hoërskool Merensky

Skoolgeskiedenis

Hoërskool Merensky, wat uit 1936 dateer, het teen 1961 in 'n landbouskool met 500 leerlinge ontwikkel. In 1976 is dit amptelik Hoërskool Merensky gedoop. In 1984 het hy 'n dubbelmedium-skool geword.

'n Vyeboom is prominent op die skool se wapen. Dis 'n Bybelse simbool, gewoonlik 'n verwysing na goeie vrugte wat uit ware geloof spruit, maar dit verwys ook letterlik na die vergaderplek vir vroeëre leerlinge by die skool – die eerste "skoolsaal" was onder 'n boom. Ander simbole op die wapen is 'n by, wat harde werk voorstel, en lemoene, simbolies van die Laeveld met sy enorme sitrusplase.

Die skool het uitstekende geriewe, onder meer 'n groot konferensiesentrum en 'n gimnasium. Merensky het meer as 'n duisend leerlinge. JP van den Heever is die huidige hoof.

STIGTINGSDATUM: 1961
LEUSE: LABOR ET CONSERVA (BEWERK EN BEWAAR)
ADRES: HOOFWEG (TUSSEN TZANEEN EN MODJADJISKLOOF)
WWW.HSMERENSKY.CO.ZA

FNB

Plasie Rugby

Hoewel Merensky trots is op sy Protea-krieketspeler, Dale Steyn, het die skool ook 'n uitstekende rugbyrekord en geskiedenis. In 1988 het die eerste span die semifinaal van die Direkteurstrofee bereik, maar in die finaal verloor. Die jaar 2006 was besonder goed. Vyf Merensky-spanne was Limpopo-wenners. Barry Landman se eerste vyftiental het in die finaal om die Beeld-trofee gelykop gespeel en die beker gedeel. Landman speel nou vir die Cheetahs, nadat hy dadelik ná skool gekontrakteer is. Hy is die seun van Christie, 'n oudleerling wat in 1980 en 1981 vir Noord-Transvaal gespeel het. Hy is 'n bekende sitrusboer in die omgewing en is steeds by die skool betrokke. Jacques Bischoff is nog 'n oudleerling wat vir Noord-Transvaal gespeel het, van 1994 tot 1995. Die skool se bydrae tot rugby blyk duidelik uit die aantal Cravenweek- en provinsiale spelers wat hy oplewer. Altesame 25 seuns het in 2007 in alle ouderdomsgroepe provinsiale kleure verwerf.

"In 2006 het ons so ver as Albertyn en Overkruin gereis om te speel. Ons het een naweek 'n kwarteind vir die Beeld-trofee gehad, en 'n semifinaal die volgende naweek. Dit was in September en ons moes daardie week eksamen skryf. 'n Onderwyser het ons vir die reis vergesel sodat ons in Pretoria kon eksamen skryf. Die akademiese eise het ons skaars geraak, want ons het albei wedstryde gewen."

- Barry Landman (2006; Cheetahs)

"Merensky het in die laaste paar jaar ongelooflik gegroei – van die C-liga tot gereelde deelname aan die Super-16 in 2007 teen groot skole soos Waterkloof en Ermelo. Blou Bul-breiers en nog kenners het kom help. Daar was beslis 'n kopskuif by die skool – die selfvertroue wat aangewakker is, werp nou vrugte af."

- Janet Landman (Barry Landman se ma)